Romeine 13

We will as he guides our heart, we endeavor as he rouses us, we succeed in our endeavor as he gives strength, so that we are animate and living tools, while he is the leader and finisher of the work. – Johannes Calvyn

Romeine 13

Dit is die jaar 386 nC. ‘n Jongman, wie se vader ‘n heiden en moeder ‘n toegewyde Christen was, leef in Milaan. Hyself het hom aan onsedelikheid oorgegee. Hy het alreeds een buite-egtelike seun gehad. Sy moeder bid voortdurend vir sy siel. Sy het ook die raad van haar pastor, Ambrosius van Milaan, gevra.

Hierdie jongman loop op en af in die tuin. Langsaan speel kinders in die gras. Hulle sing die refrein van een van hulle kinderspeletjies: *Tolle lege, tolle lege.* Dit beteken neem en lees. Die jongman neem ‘n Bybel en laat dit oop val waar dit wou. Dit val oop by Romeine 13 en wel by verse 11 – 13.

Boonop ken julle die bestemde tyd – dat die uur reeds daar is om uit die slaap wakker te word – ja ons verlossing is nou nader as toe ons tot geloof gekom het. Die nag het reeds ver gevorder; dit is amper dag. Kom ons doen dan afstand van die praktyke van die duisternis en neem die wapens van die lig op. Kom ons leef betaamlik, soos in die dag – nie met geffuif en dronkenskap nie, nie met ontug en losbandigheid nie, nie met rusie en afguns nie. Beklee julle egter met die Here Jesus Christus en maak nie voorsiening vir julle sondige natuur om sy drange te bevredig nie [Nuwe Testament en Psalms. ‘n Direkte vertaling. Bybelgenootskap van Suid-Afrika.]

Die jongman was Aurelius Augustinus. Die Gees van God het hierdie woorde geneem tot in sy siel. Deur die krag van die woord van God en die Heilige Gees bekeer Augustinus hom. Hierdie man sou later ‘n geweldige invloed op die denke van die kerk uitoefen.